19 MAART 2020
HERDERSBRIEF #6

Geliefde Gemeente,

Een van die belangrikste sleutelwoorde en beginsel in die **EWIGHEID** is die volgende: **VERHOUDING**! ***(Joh. 17:3)*** Ons verhouding in Jesus Christus, deur Jesus Christus tot God, is ons grootste enkele sekuriteit in hierdie wêreld, om te weet en te glo my lewe is met Christus verborge in God. ***(Kol. 3:3)*** Dit beteken ek leef vanuit die teenwoordigheid van God.

Vir ons emosies denkwyse en lewensstyl, is atmosfeer baie belangrik. Atmosfeer: in die huis, by die werk en alle sosiale plekke. Wat dit aanbetref is daar egter die volgende perspektief. Planeet aarde is in gedompel in die atmosfeer van Lucifer. ***(Ef. 6; 1 Joh. 5:19)***. Dus, lewe die mensdom vir millennia in 'n *"atmosfeer"* van uiterste disharmonie. Dank God in Jesus Christus het ons die regstelling, en sal die Covid-19 atmosfeer ons nie noodwendig benadeel nie, mits ons ons lewe in die geloof inrig. Die regverdige deur die geloof sal hy lewe. ***(Rom. 1:17; Heb. 10:38; Hab. 2:4).***

Hierdie **"GELOOF"** is egter nie ongekwalifiseerd nie. Dit beteken dat ek vanuit die konteks van ***Psalm 91*** lewe – ek glo wat geskryf staan en ek leef daarvolgens: *"Jy hoef nie te vrees: vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie"* en dan ***"al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien." (Ps. 91:5-8).***

**VRAAG**:

Glo jy dit, weet jy dit in jou gees, en is Jesus Christus die Rots waarop jy ***"bou"***?

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335